# HOËRSKOOL PORTERVILLE

29 SEPTEMBER 2023 | KWARTAALBRIEF 3/23

tel: 022 931 2174 | e-pos: sekretaresse@porterhs.co.za

www.hsporterville.com Hoërskool Porterville hsp_bulle

## Uit die hoof se kantoor

Geagte Ouers en Leerders

Hierdie kwartaal het verby gevlieg en is iets van die verlede. Dit was weereens 'n kwartaal propvol opwinding en heelwat hoogtepunte. Die verowering van die Algehele Interskole Beker vir die tweede keer in 'n ry is vir seker bo-aan die lys!

Ek besef net weereens dat Hoërskool Porterville geseënd is met leerders wat op verskeie terreine baie gawes en talente het. Tog is dit vir my belangrik dat ons almal die verskil tussen Godgegewe talente en karakter moet onderskei.

Ek glo dat ons primêre fokus op karakter, eerder as ons Godgegewe gawes, moet wees. Godgegewe gawes is nie iets om oor arrogant te wees nie, dit is gawes wat vir ons gegee is om te ontwikkel om ander mense te help. 'n Persoon mag musikaal, intelligent of sportief wees. Hierdie gawes is van min waarde as dit nie ontwikkel word en aan ander "weggegee" word nie.

Karakter aan die ander kant, is iets waarmee ons nie gebore is nie, maar wat ontwikkel moet word. Op die ou einde is dit ons karakter wat bepaal tot watter mate ons, ons aangebore gawes en talente gebruik om ander te help. Ons aangebore talente is nie die bepalende faktor nie - ons karaktereienskappe is!

Byvoorbeeld: 'n Persoon kan dalk nie baie intelligent wees of baie talente hê nie, maar wel goeie karaktereienskappe hê. Hy is altyd betyds vir werk, werk hard, hou by die reëls, help sy mede-kollegas, hy gee altyd sy beste in alles wat hy aanpak en werk hard om die gawes en talente wat hy wel het, te ontwikkel. So 'n persoon sal heel waarskynlik gerespekteer en vertrou word en jy sal hom of haar graag in jou span wil hê.

Aan die ander kant kan 'n persoon baie gawes en talente hê, maar swak karaktereienskappe hê. Hy is lui, onbetroubaar, onbeskof met sy mede-werkers, probeer altyd die reëls buig en dink altyd hy is beter as ander. Wat sal jou gevolgtrekking van so 'n persoon wees?

Die vraag bly staan - wat is dan die belangrikste? Intelligensie, talente, sosiale agtergrond of goeie karakter? Karakter sal altyd wen. Dit is óns verantwoordelikheid om vir ons kinders goeie karaktereienskappe aan te leer, sodat hulle eendag betroubare en gerespekteerde volwassenes kan wees.

Groete
Cobus Louw

TROTS | RESPEK | DISSIPLINE | BULLE

# HOËRSKOOL PORTERVILLE

## KWARTAAL DRIE HOOGTEPUNTE

tel: 022 931 2174 | e-pos: sekretaresse@porterhs.co.za

www.hsporterville.com | Hoërskool Porterville | hsp_bulle











## 2. SKOOLHEROPENING:

| | |
|---|---|
| Skool heropen: | Dinsdag, 10 Oktober 2023 |
| Graad 1-12: | 07:30 – 14:00 |

Die skool begin met **DINSDAG** se rooster.

## 3. LEERDERBYWONINGSBELEID

Graag bring ons net weer die volgende onder u aandag: Indien 'n leerder 10 (tien) dae aaneenlopend afwesig is, daar kontak met die ouers beding is, en daar geen rede of versoening aangebied word nie, sal so 'n leerder onmiddellik vanaf SOBIS verwyder moet word. So 'n leerder sal dan heraansoek moet doen om toelating tot die skool.

## 4. SKRYFBEHOEFTES

Alle leerders het vandag 'n skrywe en 'n lys ontvang rakende die skryfbehoeftes wat leerders vir 2024 gaan benodig. **Neem asseblief kennis dat die skool vanaf Januarie 2024 nie meer skryfboeke aan leerders verskaf nie**. **Ouers/Voogde sal vanaf 2024 verantwoordelik wees om leerders se skryfboeke aan te koop.** Ons gee nou reeds hierdie inligting aan u deur sodat u genoegsame tyd het om die skryfboeke en skryfbehoeftes aan te koop. Dankie vir u samewerking in hierdie verband.

## 5. PERSONEEL

<u>WKOD PERSONEEL WAT BY HSP VERLAAT:</u>
Mnr W de Beer (31 Augustus 2023) Algemene Nutsman. Mnr T Brandt in sy plek aangestel (1 September 2023).

Me MS Steyn (31 Julie 2023). Matrone Huis van Riebeeck. Me A du Toit in haar plek aangestel (1 Augustus 2023).

<u>BEHEERLIGGAAM AANSTELLINGS</u>:
Mnr D Dyason (1 September 2023) aangestel as Sportorganiseerder.

<u>HUWELIK:</u>
Me Dané Kemp gaan op Saterdag, 30 September 2023 in die huwelik tree met Mnr Benno van Niekerk.

## 6. RAPPORTE / ASSESSERINGSVERSLAE

Hierdie kwartaal se rapport/assesseringsverslag sal u op Vrydag, 13 Oktober 2023 ontvang. Daarin kan u sien hoe u kind gedurende hierdie kwartaal akademies gevorder het. Bespreek dit asseblief met u kind. Diegene wat nie so goed presteer het nie, sal 'n besluit moet neem om vir volgende kwartaal meer getrou te werk. Vergewis uself asseblief van die KABV slaagvereistes vir die Grondslagfase, Intermediêre Fase, Senior Fase en VOO Fase.

Grondslagfase: Gr. 1-3

- Huistaal Vlak 4 ten minste 50%
- Engels Vlak 3 ten minste 40%
- Wiksunde Vlak 3 ten minste 40%

Intermediêre Fase: Gr. 4-6

- Huistaal Vlak 4 ten minste 50%
- Engels Vlak 3 ten minste 40%
- Wiskunde Vlak 3 ten minste 40%
- Enige 2 oorblywende vakke (Vlak 3) ten minste 40%

Senior Fase: Gr. 7-9

- Huistaal Vlak 4 ten minste 50%
- Engels Vlak 3 ten minste 40%
- Wiskunde Vlak 3 ten minste 40%
- Enige 3 ander vakke (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 2 oorblywende vakke (Vlak 2) ten minste 30%

VOO Fase: Gr. 10-12

- Huistaal Vlak 3 ten minste 40%
- Enige 2 vakke (Vlak 3) ten minste 40%
- Enige 3 ander vakke (Vlak 2) ten minste 30% - met dien verstande dat die SBA komponent ingehandig is vir die vak wat nie geslaag is nie.

Ons vestig u aandag daarop dat u asseblief u kind(ers) se rapporte/assesseringsverslae moet onderteken en op Dinsdag, 10 Oktober 2023, na die skool terugstuur.

## 7. SKOOLKLERE

Leerders begin Dinsdag, 10 Oktober 2023 met Wintersdrag. Kleredrag het 'n twee weke oorgangstydperk. Vanaf Maandag, 23 Oktober 2023 is Somersdrag verpligtend. Let daarop dat dit verpligtend vir elke Hoërskoolleerder is om hul HSP skoolbaadjie in die Somer sowel as in die Winter te dra.

## 8. SPORTOEFENING

Sportoefening neem in aanvang op Dinsdag, 10 Oktober 2023 soos aangedui op middagrooster.

## 9. RUGBY

Die volgende spelers is opgeneem in hul onderskeie provinsiale rugbyspanne:

**O/12 Boland A**
Alano Engelbrecht

**O/12 Boland B**
Edrich Redelinghuys

**O/13 Boland 7's**
Lundon Pietersen
Lyle Pieters
Warona Modise

**Patriot Sport Festival Rhino Rugbyspan**

Antwone Rudolph (Gr. 10) opgeneem in die Patriot Sport Rhino rugbyspan wat na Spanje toer.

**10. TENNIS**

Die volgende spelers is opgeneem in hulle onderskeie Weskus Tennisspanne:

Seuns:

| | |
|---|---|
| O/10 | Jordaan Redelinghuys<br>Hein-Paul Louw |
| O/11 | Schalk Theron |
| O/12 | Edrich Redelinghuys |

Dogters:

| | |
|---|---|
| O/10 | Beulah Steenkamp |
| O/12 | Ané van Wyk |

Die volgende spelers is opgeneem in die Weskus-Suid Tennisspan:

| | |
|---|---|
| O/15 | Braam Theron<br>Kian Cronje |

**11. INTERSKOLE**

Op Saterdag, 19 Augustus 2023 was HSP se jaarlikse Interskole teen Hoërskool Piketberg. Hoërskool Porterville stap weg met die Algehele Interskolebeker! Die uitslae van eerstespanne is as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| o/19A | Rugby | Wen | 28 - 12 |
| o/19A | Netbal | Verloor | 22 - 28 |
| o/13A | Rugby | Wen | 65 - 0 |
| o/13A | Netbal | Verloor | 10 - 14 |

**12. BUITE SKOLE SPORT**

WP Off Road streekskompetisie:
Willem Schalk van Wyk: 2de plek Junior Cross Country Motorcycle (125cc).

Hengel:

| | | |
|---|---|---|
| Arno Kirsten | Gr. 11 | WP O/19 A hengelspan |

Karate:

| | | |
|---|---|---|
| Marné Coetzee | Gr. 5 | Groen tot Pers belt |
| Alana Munnik | Gr. 5 | Groen tot Pers belt |

Weskus O/18 Rolbalspan:

| | |
|---|---|
| Eljana Kayser | Gr. 11 |
| Paula Viljoen | Gr. 11 |
| Jacques Kayser | Gr. 9 |

Gimnastiek:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mieke Kriel | Gr. 6 | Wes-Kaap Kleure | Vlak 5 |
| Juliette Myburgh | Gr. 3 | Wes-Kaap Kleure | Vlak 4 |
| Martiné van Schalkwyk | Gr. 1 | Weskuskleure | Vlak 1 |

## 13. LANDBOU

Die jaarlikse Stockmankursus is op Vrydag, 18 Augustus 2023 aangebied te Malmesbury en ons leerders het die volgende plekke behaal:

| | |
|---|---|
| Corli Malherbe | 1ste plek |
| Macglasky Jordaan | 2de plek |
| Robert Louw | 4de plek |
| Anne-Vonne Mong | 5de plek |

## 14. FONDSINSAMELING

Gee-my-krag-Lootjieprojek
Die lootjieprojek is vanjaar geloods ten bate van alternatiewe kragvoorsiening. Alle lootjievorms moet op **Vrydag, 13 Oktober 2023** ingehandig wees.

Nasionale Rally Kampioenskappe, 26 Augustus 2023
Tydens die naweek van 26 Augustus 2023 is die "WCOC Offroad" kampioenskappe gehou op Pietersklip (plaas) tussen Porterville en Eendekuil.

Gholfdag, 9 September 2023
Die gholfdag was weereens 'n groot sukses. 18 Spanne (4-bal alliansie Scramble drive) het deelgeneem.

Vroueaand, 29 September 2023
Ons jaarlikse Vroueaand vind vanaand plaas, aangebied deur "Mel die Storieverteller".

## 15. BEKENDMAKING VAN 2023 / 2024 VRL

Die VRL Kamp het plaasgevind die naweek van
15 September 2023 – 17 September 2023 te VSCV-Watervalterrein Tulbagh.

Die nuutverkose VRL is as volg:

**Gr. 12**
Rechardt du Preez
Madrie Gouws
Ceaser Jansen
Gae-lynn Jantjies
Amy-Jo Lothering
Brooklyn Sass
Arno Venter
Paula Viljoen

**Gr. 11**
Amanda Carstens
Mekayla Gordon
Macglasky Jordaan
Lené Kotze
Ecarm Schreuder
Kuyno Smit

**Gr. 10**
Mia Andreas
Desnine Bekeur
Emil Matthee
Heinrich Redelinghuys
Ryan Witbooi

**Gr. 9**
Jozua Jordaan
Zinric Josephus
Zané Prins

**Gr. 8**
Giselle Amsterdam
Braam Theron
Ethan Witbooi

**16. WES-BOLAND EN OLIFANTSVALLEI EISTEDDFOD 2023**

Ons leerders het pragtig presteer by beide Eisteddfods vanjaar! Ons is trots op elkeen van julle. Hiermee 'n opsomming van die uitslae by die LS Olifantsvallei Eisteddfod asook die Wes-Boland Eisteddfod:

**OLIFANTSVALLEI EISTEDDFOD 2023**

| LAERSKOOL | |
|---|---|
| **PRESTASIE** | **HOEVEELHEID** |
| BRONS | 3 |
| SILWER | 11 |
| GOUD | 40 |
| CUM LAUDE | 15 |

| HOËRSKOOL | |
|---|---|
| **PRESTASIE** | **HOEVEELHEID** |
| BRONS | 10 |
| SILWER | 13 |
| GOUD | 19 |
| CUM LAUDE | 10 |

| | |
|---|---|
| Leerders deelgeneem: | 85 |
| Totale items deelgeneem: | 121 |
| Graad met meeste deelnemers: | Graad 3 |
| Graad met meeste items deelgeneem: | Graad 3 & Graad 12 |
| Graad wat meeste Interskole punte bydra: | Graad 2 |

**WES-BOLAND EISTEDDFOD 2023**

| LAERSKOOL | |
|---|---|
| **PRESTASIE** | **HOEVEELHEID** |
| BRONS | 8 |
| SILWER | 26 |
| GOUD | 41 |
| CUM LAUDE | 37 |
| PRYSWENNERS | 3 |

| HOËRSKOOL | |
|---|---|
| **PRESTASIE** | **HOEVEELHEID** |
| BRONS | 9 |
| SILWER | 43 |
| GOUD | 45 |
| CUM LAUDE | 22 |
| PRYSWENNERS | 5 |

| | |
|---|---|
| Leerders deelgeneem: | 146 |
| Totale items deelgeneem: | 231 |
| Graad met meeste deelnemers: | Graad 4 |
| Graad met meeste items deelgeneem: | Graad 8 |
| Graad wat meeste Interskole punte bydra: | Graad 8 |

HSP spog met 8 pryswenners by vanjaar se Wes-Boland Eisteddfod:

**Hoërskool:**

Mischa Baadjies:  English FAL Poetry (Gr. 8)

Isabella Kok:  Sang met Elektroniese Begeleiding (Dogters 14 jaar)

Dané Buirman:  Handskrif (Gr. 8)

Ronique Manasse:  Handskrif (Gr. 8)

Anri van der Merwe:  Letterkunde (Gr. 12)

**Laerskool:**

Lian Verster:  Onvoorbereide Lees (Gr. 5)

Néca Damon:  Voorbereide Lees (Gr. 7)

Braam Theron:  Klavier Konsertprogram (Gr. 7)

## 17. BEGROTINGSVERGADERING

Ouervergadering sal gehou word op Maandag, 6 November 2023 om 18:00 om die begroting van Hoërskool Porterville en Huis van Riebeeck vir 2024 goed te keur.

## 18. LENTESKOOL

HSP bied 'n lenteskool aan vanaf Maandag, 2 Oktober 2023 – Donderdag, 5 Oktober 2023.  Program is as volg:

**LENTESKOOL: OKTOBER 2023**

| Ma 02/10/2023 | Gr 12 |
|---|---|
| **07:30 – 08:30** | RTT/FW |
| **08:30 – 09:30** | WISK |
| **09:30 – 09:45** | Pouse |
| **09:45 – 10:45** | GEO/VBS |
| **10:45 – 11:45** | LW/BS |
| **11:45 – 12:00** | Pouse |
| **12:00 – 13:00** | AFR/ENG |
| **13:00 – 14:00** | REK |

| Di 03/10/2023 | Gr 12 |
|---|---|
| **07:30 – 08:30** | AFR/ENG |
| **08:30 – 09:30** | REK/VBS |
| **09:30 – 09:45** | Pouse |
| **09:45 – 10:45** | LW/BS |
| **10:45 – 11:45** | GEO |
| **11:45 – 12:00** | Pouse |
| **12:00 – 13:00** | RTT/FW |
| **13:00 – 14:00** | WISK |

| Wo 04/10/2023 | Gr 12 |
|---|---|
| **07:30 – 08:30** | REK/VBS |
| **08:30 – 09:30** | LW/BS |
| **09:30 – 09:45** | Pouse |
| **09:45 – 10:45** | GEO |
| **10:45 – 11:45** | WISK |
| **11:45 – 12:00** | Pouse |
| **12:00 – 13:00** | RTT/FW |

| Do 05/10/2023 | Gr 12 |
|---|---|
| **07:30 – 08:30** | |
| **08:30 – 09:30** | GEO/VBS |
| **09:30 – 09:45** | Pouse |
| **09:45 – 10:45** | Wiskunde |
| **10:45 – 11:45** | Wiskunde |
| **11:45 – 12:00** | Pouse |
| **12:00 – 13:00** | |

## 19. WEEKPROGRAM


| | | | |
|---|---|---|---|
| Dinsdag, | 10 Oktober | - | Skool heropen |
| Woensdag, | 11 Oktober | - | |
| Donderdag, | 12 Oktober | - | |
| Vrydag, | 13 Oktober | - | LS Platteland Tennisproewe Overbergstreek |

Aangeheg vind u die voorlopige kwartaalprogram en middagrooster vir die vierde kwartaal. Geniet die vakansie saam met u kinders.

Vriendelike groete



Mnr. JJ Louw
SKOOLHOOF



# MIDDAGROOSTER : 4DE KWARTAAL 2023

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| Skaak | 14:30 | - | 15:30 |
| Mini-Krieket | 14:30 | - | 15:30 |
| Krieket 0/11 + 0/13) | 14:30 | - | 15:45 |
| HS Tennis (span) | 14:30 | - | 15:30 |
| HS Tennis (ontwikkeling) | 15:30 | - | 16:30 |
| LS Koor | 15:30 | - | 16:30 |
| Swem (Groep 4) | 14:30 | - | 15:15 |
| Swem (Groep 3) | 15:30 | - | 16:15 |
| Atletiek | 16:30 | - | 17:45 |
| VCSV - kringleiers | 18:15 | - | 18:55 |
| | | | |
| Dinsdag Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| Wisk (Gr. 8, 9, 10) | 14:15 | - | 15:15 |
| FW (Gr.12) | 14:15 | - | 15:15 |
| HS Koor | 14:30 | - | 15:30 |
| LS Tennis (Span) | 14:30 | - | 15:30 |
| LS Tennis (Ontwikkeling) | 15:30 | - | 16:30 |
| Swem (Groep 1) | 14:15 | - | 14:45 |
| Swem (Groep 2) | 14:45 | - | 15:30 |
| HS Krieket | 15:00 | - | 16:30 |
| Swem (Groep 4) | 15:30 | - | 16:45 |
| Atletiek | 16:30 | - | 17:45 |
| | | | |
| Woensdag Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| Skaak | 14:30 | - | 15:30 |
| Wisk (Gr.12) | 14:15 | - | 15:15 |
| Mini-Krieket | 14:30 | - | 15:30 |
| Krieket 0/11 + 0/13) | 14:30 | - | 15:45 |
| HS Tennis (Span) | 14:30 | - | 15:30 |
| HS Tennis (Ontwikkeling) | 15:30 | - | 16:30 |
| LS Koor | 15:30 | - | 16:30 |
| Swem (Groep 4) | 14:30 | - | 15:15 |
| Swem (Groep 3) | 15:30 | - | 16:15 |
| | | | |
| Donderdag Rekenaarlokaal oop | 14:00 | - | 15:00 |
| Wisk (Gr. 11) | 14:15 | - | 15:15 |
| HS Koor | 14:30 | - | 15:30 |
| LS Tennis (Span) | 14:30 | - | 15:30 |
| LS Tennis (Ontwikkeling) | 15:30 | - | 16:30 |
| Swem (Groep 1) | 14:15 | - | 14:45 |
| Swem (Groep 2) | 14:45 | - | 15:30 |
| HS Krieket | 15:00 | - | 16:30 |
| Swem (Groep 4) | 15:30 | - | 16:45 |
| Atletiek | 16:30 | - | 17:45 |

# VOORLOPIGE 4DE KWARTAAL 2023

| | | |
|---|---|---|
| **September** | **29** | **Skool Sluit** |
| | | Bullebond - Vroueaand saam met "Mel, Die Storieverteller" |
| **Oktober** | 09 | Paribas Interdistrik Tennis - Robertson |
| | **10** | **Skool Begin** |
| | **13** | **Rapporte word uitgegee** |
| | 13 + 14 | LS Boland Platteland Tennisproewe – Overbergstreek |
| | 14 | Bulletjie Mini-krieketdag |
| | | 0/19 Krieket – De Villiersgraaf **W** |
| | 16 | 0/11 Krieket – Dirkie Uys **T** |
| | | HS Tennis – Swartland **T** |
| | **17** | **Aanprysgeleentheid** |
| | | 0/15 Krieket – Dirkie Uys **T** |
| | | 0/19 Krieket – Dirkie Uys **W** |
| | | LS LDU Uitnodigingsgala **W** |
| | **18** | **Grondslagfase Prysuitdeling** |
| | | 0/13 Krieket – Dirkie Uys **W** |
| | **19** | **Gr 4-12 Prysuitdeling** |
| | | LS Tennis – St Thomas **W** |
| | 20 | Gr 12 Uitstapdag |
| | 23 | 0/11 Krieket – Porterville Primer **T** |
| | | HS Tennis – Vredenburg **W** |
| | 24 | Gr 9 Vakkeuse-aand |
| | | 0/15 Krieket – Steynville **T** |
| | **25** | **HSP Kaskar-resies** |
| | 26 | 0/19 Krieket – Swartland **T** |
| | 27 | LS Atletiek – Bredasdorp |
| | 28 | HS Atletiek – Bredasadorp |
| | | 0/19 Krieket – Hottentots Holland |
| | 30 | 0/11 Krieket – Citrusdal Primer **T** |
| | | HS Tennis – Dirkie Uys **W** |
| | 31 | 0/15 Krieket – Weston **W** |
| | | 0/19 Krieket – Weston **T** |
| **November** | 01 | HS Tennis – Augsburg **T** |
| | | 0/13 Krieket – Citrusdal Primer **W** |
| | 02 | LS Tennis – Piketberg **T** |
| | 03 | Gr 7 Dinee |
| | 03+04 | LS Interdistrik Tennistoernooi – Stellenbosch |
| | 04 | HS Atletiek – Moorreesburg |
| | 06 | HS Tennis – Piketberg **W** |
| | 07 | 0/15 Krieket – Swartland **W** |
| | | 0/19 Krieket – Vredenburg **W** |
| | 08 | HSP Uitnodigingsgala |
| | 09 | LS Tennis – Dirkie Uys **W** |
| **Desember** | **06** | **Skool Sluit vir Leerders** |
| | **08** | **Skool Sluit vir Opvoeders** |